14 Augustus 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Ons moedertaal verjaar! – *geskryf deur Anton*

Vandag is Afrikaanse Taaldag! Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig. Dit was die eerste poging om Afrikaans as eie taal te vestig. In 1975, 'n eeu na die stigting, is die Afrikaanse Taalmuseum amptelik in die Paarl geopen in dieselfde gebou waar die GRA 100 jaar gelede in die huis van Gideon Malherbé tot stand gekom het. Jou taal sê so baie van jou. Dit sê wie jy is. Waar jy vandaan kom. Dit is die taal waarin jy bid, en waarin jy met jou ma praat. O soetste, mooiste taal! Mag die Afrikaanse taal vir nog baie lank vir baie mense plesier gee!

Sondag 16 Augustus se geleenthede

Die **oordenking** vir Sondag is deur Anton voorberei. Hy lees Matteus 6:1-4, dink na oor die wat die mens is, en gee erkenning aan die digter MM Walters wat onlangs oorlede is. Ons luister na die musiek van *Tomaso Albinoni* wat Maricus en Endija Rezgale van Latvia vir ons opgeneem het. En 'n pragtige verwerking wat Maricus van Liedboek 602 gemaak het. Die skakel vir die oordenking is - **https://youtu.be/w-IravfCFcY**

Die **Kleuterkerk** en die **Jeuggroepe** is weer van hierdie Sondag af ten volle aan die gang. Die tema by die Kleuterkerk en die Junior jeuggroepe (laerskool jongmense) gaan oor Abraham wat vir Isak moes offer (Gen 22:1-19). Die vraag is nie of God vir Abraham kan vertrou nie, maar die vraag is of Abraham vir God kan vertrou. Hierop is die antwoord "Beslis ja!!". Die Kleuterkerk video handel ook hieroor en hier is die skakel - **https://youtu.be/hyotFYMTx0A**

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Tienie voorberei en die teks is uit Matteus 15:21-28 met die tema *"Krummeltjie-geloof".* Is God se genade verskillend vir verskillende mense? Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-16-Augustus.pdf**

Sondagaand 18:00 is daar weer 'n **Soekligaanbieding** waarby jy kan inskakel. Hierdie keer is dit Dr Coenie Burger van Stellenbosch wat in 'n reeks van drie aanbiedings oor die boek Openbaring gaan maak. Om deel te neem kan jy gerus net weer vir James laat weet sodat hy die verbintenis kan maak. Hy sal self ook deel van die gesprek wees. Hier is die skakel - **https://us02web.zoom.us/j/81549111856** *Meeting ID: 815 4911 1856.*

Huisgeloof en Jeuggroepe

Na twee weke se onderbreking is die Jeuggroepe weer voluit aan die gang. Die **junior jeuggroepe** (laerskool jongmense) is nog met die ontstaan geskiedenis van Israel besig. Abraham kry die opdrag om Isak te offer (Gen 22:1-19) en die vraag is of hy die Here kan vertrou of gaan hy sy seun verloor? Die **senior jeuggroepe** (hoërskool jongmense) gaan verder nadink oor die tema "Leef waardevol". Wat beteken dit om met waardes te lewe? En hierdie week word die middel-vinger van die hand gebruik om oor die waarde van "Dankbaarheid" na te dink.

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag

- Gesels as gesin oor:
  Abraham beleef dat die Here 'n ram voorsien in die plek van Isak. Waarin het julle as gesin al beleef dat die Here voorsien? Gebruik sommer die geleentheid om vir die Here dankie te sê.

Jeuggroepe

- Moedig asseblief die jongmense aan om by die jeuggroepe in te skakel of om die Gespreksblad deur te lees. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Stellastraat *'drive-thru'* kosmark - 28 Augustus 2020

Om klein besighede in ons gemeente en gemeenskap te ondersteun hou ons op 28 Augustus 'n kosmark. Die besighede wat deelneem verskaf heerlike produkte. Toy en Anette sorg vir heerlike bevrore etes en tuisgebak. Jy wil ook nie uitmis op NGK Jan Niemand Park se broodrolletjies en *chelsea buns* nie. *Vula Food shack* verskaf heerlike vrugte en groente (met geen plastieseverpakking wat Fay baie bly maak). Daar is ook heerlike koffie, souse en olyfolie vir jou spens.

Hoe werk dit?

1. Laai die **FoodBooking app** af óf kliek op die *'Start order'* knoppie bo-aan die gemeente se Facebookblad.
2. Plaas jou bestelling en betaal.
3. Laai jou lekkernye by die gemeente op tussen 16:00 en 19:00 op 28 Augustus. Jy hoef nie eers uit jou motor te klim nie - ons gee jou pakkie sommer vir jou deur jou motorvenster.

Bestellings kan op die **app** en **Stellastraat webblad** (skakel is op die tuisblad) geplaas word van Vrydag, 14 Augustus tot Sondag, 23 Augustus tussen 8:00 en 16:00. Indien jy met 'n EFT betaal gebruik asseblief KOSMARK + jou van as verwysing. Indien jy nie toegang tot die app, facebook of ons webblad het nie kan jy jou bestelling by die kerkkantoor plaas en die kerkkantoor sal namens jou dit op die app laai.

Stellastraat reik uit

Baie dankie aan elkeen wat in die laaste paar weke kinderklere en komberse by die kerkkantoor afgelaai het. Ons kon hierdie week 'n hele vrag by Booysens Beertjies kleuterskool gaan afgee. Jy kan steeds ou klere en komberse kerkkantoor toe bring.

Orrelkonsert uit NG Overkruin

Hierdie week se orrelkonsert word gehou uit NG Overkruin.
Die pragtige ***3 Manuaal Roeleveld orrel*** is die enigste elektriese aksie orrel wat Mnr Roeleveld gebou het.
Gaan loer gerus en ondersteun die inisiatief. Die skakel is -
https://youtu.be/a2fgw_tJ5pE

Stellastraat Nuus-aand! 'n Eerste!

Ons nooi almal graag uit na Stellastraat se eerste Nuus-aand! Ons wil graag uitvind waarmee almal hulself in die dae besig hou. Stuur asb 'n video in van iets wat jou laat lag, iets wat jou laat skaterlag of iets wat jou sommer net van trots laat glimlag. Al die tuis-videos gaan as een video gespeel word en op die manier kan ons al die lekker dinge sien wat om ons aangaan!



Om deel te neem, volg net die volgende instruksies:

1. **BAIE BELANGRIK:** Neem video met foon of kamera dwars ("landscape")
2. Begin video deur te sê "123 begin" en eindig met "klaar". Ons sal die video sny dat slegs die gedeeltes tussen "123 begin" en "klaar" ingesluit word.
3. Praat hard en duidelik.
4. Neem kennis dat 'n klomp mense die video gaan sien, so maak seker jy is gemaklik daarmee dat hulle alles hoor en sien in die video.
5. Stuur jou video na ***stellastraatvideos@gmail.com*** (verkieslik) of na 084 581 8745 (Dewald Muller) voor 26 Augustus.
6. Sê asb vir ons wie is in die video (en as konteks nodig is om te verstaan wat gebeur het).
7. Wees spontaan en geniet dit!
8. Die video moet 45-60 sekondes lank wees.

Baie dankie vir julle deelname!

Stellastraat en vriende Gholfdag 9 September – Nege kapteins gesoek!

Stellastraat sou op 9 September sy jaarlikse gholfdag gehou het. Covid-19 het 'n bietjie van die donder gesteel, maar gelukkig nie alles nie! Ons het afslaantye op Woensdag 9 September vir nege (9) vierballe op die baan van Pretoria Buiteklub. Ons gaan sommer 'n klein kompetisie tussen die nege vierballe maak, en daarna met 'n Pizza en glasie mout ons vriendskap bevestig! Ons glo dat die inperking ligter sal word en dat 'n bietjie van 'n viering moontlik gaan wees!

Ons is op soek na 9 spankapteins wat hulle vierballe wil inskryf vir die heerlike geleentheid.
Die voornemende kapteins kan gerus vir Anton (083 458 8712) skakel!

Heerlike vars vrugte!

NG Universiteitsoord Vrugtemark
13 – 21 Augustus 2020
Lemoene en Avokadopere uit Letsitele
Weeksdae 10:00 – 12:00 en 16:00 – 18:00

Sakkie lemoene R25
Kassie lemoene (uitvoer) R80
Sakkie Avo's R120
Kissie Avo's R60

Meegevoel & Ongesteld

Ons dink graag aan **Koos Greeff** van 12de Straat 26 wie se suster in Swakopmund oorlede is.

Klein **Hanna Joubert** van 8ste straat 79 het haar eerste reeks chemo ontvang en is nou by die huis.

Tannie Lina Kruger van Lawleystraat se gedenkdiens vind Saterdag 10:30 in die kerk plaas.

Hannette Esterhuizen van Mainstraat 358 se moeder is oorlede.

Verjaarsdae 16 - 22 Augustus

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 16 Augustus:
Sarel Holtzhausen, Lena Joubert, Liezel Marais, Louise van Niekerk, Marna Zühlsdorf.

Maandag 17 Augustus:
Nina du Pisanie, MC Engelbrecht, Hilmar Jansen, Linmari Kirkpatrick, Anton Mathey, Almari Munnik, Francois van der Linde, Nina Viljoen.

Dinsdag 18 Augustus:
Johan Billman, Rita Grimsehl, Milla Grové, Therisa Hansen, Ansie Janse van Rensburg, Francois Marais, Karus Prinsloo, Daan Schoeman, Nicolai Sevenster, Ewalda Steyn, Edna Viljoen.

Woensdag 19 Augustus:
Martjie Billman, Marli Boshoff, Charleen Conradie, Hannes Maree, Pierre Meyer, Jaco Olivier, Jannie van der Vyver.

Donderdag 20 Augustus:
Werner Greeff, Carel Roos, Luke Theron, Reinard Truter.

Vrydag 21 Augustus:
Maché Hatting, Rozanne Henning, Jakes Jacobs.

Saterdag 22 Augustus:
Dawie de Villiers, Ruth Raath, Jolané Sciocatti.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181
Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za
Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za